


# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**18 JANUARIE 2026**

## Offervaardigheid

1. Baie welkom by ons eerste ontmoeting van 2026!
   - Gee geleentheid vir lede om hoogtepunte uit die vakansie met mekaar te deel.
   - Dalk is daar ook geleenthede wat gevier moet word of waarna uitgesien word in hierdie jaar – deel met mekaar.
   - Dalk is daar hartseer, siekte of verlies – deel met mekaar.
   - Open met gebed waar vir elkeen op die naam voorbidding gedoen word.
2. Ons begin hierdie jaar se byeenkomste met 'n gesprek oor die Bybel en finansies. Maar eers wil ons ons aandag fokus op ons jaartema: Bewus
   - Die idee rondom "bewus" word mooi in die Latynse woorde: "Coram Deo" uitgedruk. Direk vertaal, beteken dit: "Om voor die aangesig van God te leef". Lees Prediker 3:12 &13 en gesels oor die betekenis wat ons jaartema vir julle het.
   - Deel met mekaar oor maniere of plekke waar julle die afgelope vakansietyd van God bewus geword het – en hoe dit jou geraak of selfs verander het.
3. 'n Bewustheid van God se goedheid in ons lewens, spreek ook tot ons offervaardigheid. Laat ons 'n bietjie nadink oor geloof en geld...
   - Daar's 'n ou grappie wat sê dat NG staan vir: en gee, en gee, en gee... Wat dink julle? Moet daar in die kerk oor geld gepraat word, of eerder nie? Hoekom sê jy so?
   - Wat maak die tema van geld dikwels ongewild in die kerk?
   - Wat het geld met geloof te doen?
4. Kom ons kyk na wat die Bybel oor geld sê
   - In die Ou Testament word na die gee van tiendes verwys: Levitikus 27:30-33; Numeri 18:21-31; Deuteronomium 12:5-18. Wat was die doel van die tiendes?
   - Lees ook Maleagi 3:10 en gesels met mekaar oor hierdie opdrag. Is dit nog vandag van toepassing? Wat kan vandag beskou word as 'n tiende?
   - Wat is die klem wat die Nuwe Testament op offervaardigheid gee? Kyk na die volgende tekste: Matteus 5:17; Matteus 6:24; Matteus 23:23; 2 Korintiërs 8:12; 2 Korintiërs 9:7; Romeine12:1
5. Laat ons prakties raak
   - Wat is die Bybelse boodskap vir ons as gelowiges vandag, rondom geld, offervaardigheid en rentmeesterskap?
   - Wat beteken dit ten opsigte van Sonstraalgemeente? Ons begroting, ons bedieninge, ons amptenare, ons roeping?
   - Hoekom is dit belangrik om nie net vir organisasies buite die kerk finansieel te ondersteun nie, maar om spesifiek vir die kerk geld te gee?
   - Minder as 25% huishoudings in Sonstraal dra finansieel tot die gemeente by. Wat is die boodskap wat ons aan hulle wat nie bydra nie wil oordra?
   - Wat dink julle van die kerkraad se beginsel om 10% van ons inkomste nie op onsself nie, maar na buite te spandeer?
   - Gee 'n geleentheid om stil te raak voor die aangesig van God – om bewus te raak van sy goedheid... en om my offervaardigheid voor die Here te bewillig.

6. Hieronder is ’n grafiek met hierdie jaar se uitgawe-begroting. Wat vertel hierdie grafiek? Hoe moet hierdie grafiek verander as ons nader wil kom aan God se roeping vir die gemeente?




7. Sluit af met gebed en geniet ’n heerlike koppie tee en verkeer gesellig saam.

8. **NS** Ons hou ons Kleingroepfees op DV 12 Februarie om 19:00 in die kerk. Hou solank hierdie datum oop vir ’n heerlike kuier-aand saam met al die gemeente se kleingroepe.

9. Ons wil weer ’n opname maak van al ons kleingroepe. Stuur asseblief ’n lys van julle kleinroeplede vir ons en dui aan wie die sameroeper/leier /kontakpersoon is. Julle kan dit stuur aan: kommunikasie@sonstraal.org.za. Baie dankie vir julle samewerking!

10. Mag dit ’n besonderse jaar vir julle elkeen wees – veral in die ervaring en groei wat julle in die kleingroepe beleef. Vir enige voorstelle of versoeke kan julle dit aan dieselfde e-posadres hierbo rig.